

Rondrits

Om 'n olifant te help versorg doen iets vir jou siel, het **Carla Lewis-Balden** in Thailand uitgevind.

Ek is verlore in 'n heelal waar tyd stilstaan. Die klein goue spikkels wat in Ngam Ta se oë ronddryf, lyk soos 'n sterrestelsel of 'n nebula soos gesien deur 'n teleskoop. Vir 'n rukkie is die oomblik amper te groot vir my, en ek moet hard sluk om van die knop in my keel ontslae te raak.

Dan gee Ngam Ta, die Asiatiese olifantkoei, 'n parmantige trompetter, iets wat klink soos daardie fluitjies wat jy by kinderpartytjies blaas. Haar slurp vat-vat aan die klos kokosneuthare tussen my vingers, asof sy my aanpor: "Dis nou genoeg temery. My rug is nog nie behoorlik geskrop nie."

My vingers raak weer verlore tussen die velle agter haar ore, waar bosluise graag wegkruip.

Dink voor jy op 'n grootvoet se rug klim

Ek is by die Elephant Hills-kamp in Thailand se Khao Sok Nasionale Park.

Die stukkie ongerepte Eden lyk soos die planeet Pandora in die flied *Avatar*. Yslike sandsteenpieke bedek in oerwoud troon bokant die reënwood uit. In die ogende word hulle toegevou in silwer mis terwyl groot neushoringvoëls, amper so mities soos die "banshees" in die flied, van tak tot tak swiep.

In die hartjie van die park is Elephant Hills se olifantervaring, 'n konsep wat sy wortels het in "voluntourism", eerder as die gedwonge interaksies en olifantritte wat so dikwels die diere uitbuit.

Selfs in Suid-Afrika is hier 'n hele paar plekke waar jy, onder die dekmantel van ekotoerisme, op olifante se rûe kan ry of leeuwelpies kan vryf, terwyl daar tranetrekstories vertel word oor bewusmaking en teel vir bewaring.

Thailand is ook berug daarvoor dat hulle olifante uitbuit en 'n olifanttrit word beskou as 'n moet-doen-aktiwiteit vir enige mand wat die land besoek.

Loop jy rond in die toerismemekka Patong-strand in Phuket is daar talle toeroperateurs wat enigiets van olifantritte tot olifantmasserings verkansel.

Min mense weet egter dat olifante ingebreek moet word voordat hulle op 'n olifantsafari gery kan word of as werkdier gebruik kan word.

Dit verg verskeie wrede metodes, soos om hulle vir 'n sekere tydperk in klein, beknopte spasies aan te hou, hulle te slaan en te mishandel en die kalfies op 'n vroeë ouderdom van hul ma's te verwyder.

Toe dit in die 1980's onwettig geword het om olifante as werkdier in Thailand se bosboubedryf te gebruik, moes daar nuwe maniere uitgedink word waarop die diere steeds winsgewend vir hul mahouts - die grootvoete se versorgers - kon wees. Baie is na groot stede geneem en in Bangkok is dit nie vreemd om 'n olifant op straat te sien wat jy - teen 'n footjie - 'n stukkie suikerriet kan voer nie.

Ander olifante beland uiteindelik in sirkusagtige omgewings, waar hulle toertjies soos olifantmasserings - waar die dier jou saggies druk met sy slurp of voet terwyl jy onder hom lê - moet doen en dans om geld vir hul eienaars te maak.

Olifante wat in die bosboubedryf gewerk het of op olifantsafari's gery is, kan



Die luukse tente en swembad in die hartjie van die oerwoud.



nie gerehabiliteer word nie omdat hulle vir kos van mense afhanklik geraak het.

Dit is terselfdertyd peperduur om na 'n olifant om te sien. 'n Volgroeide olifant kan enigiets tussen 100 kg en 300 kg se kos op 'n dag verorber.

Hulle kort genoeg ruimte om rond te loop, konstante aandag (mak olifante wat nie genoeg positiewe aandag, dissipline en stimulasie kry nie, kan baie gou destruktief raak as hulle verveeld of gefrustreerd raak) en die veearts se rekening is gelyk aan 'n koning se losprys.

'Same-same, but different'

Die ekosafarimodel wat in Afrika vervolmaak is en opbrengste met lae impak genereer, blyk die volhoubare oplossing te wees om na die olifante om te sien en seker te maak hulle "verdien" nog geld.

By Elephant Hills word die gemeenskap ook by die kamp se aktiwiteite betrek en só baat mens en dier. Die kamp word reeds as 'n voorbeeld wêreldwyd voorgehou van hoe olifantinteraksies op 'n vol-

Kom só daar

■ Elephant Hills is sowat twee uur van Phuket geleë. Holiday Factory sal jou help om 'n pakket uit te werk. Skakel hulle by 011 233 2300 of besoek theholidayfactory.co.za.

■ Die beste opsie is om Elephant Hills met 'n strandbestemming te kombineer.

Ek stel die stranddorp Khao Lak of die eiland Ko Yao Noi voor omdat dit nie so besig of ontwikkel soos Phuket is nie.

Vir meer inligting oor Elephant Hills, besoek elephanthills.com.

■ Ek het met Cathay Pacific na Phuket

gevlieg, wat kort aansluitingstye en billike pryse het. Die aansluitingstyd in Hongkong is minder as twee uur.

Die vlug na Hongkong duur omtrent 11 uur en die een na Phuket sowat drie uur.

Besoek cathaypacific.com vir meer inligting.

■ Die toerismeowerheid van Thailand, wat in Suid-Afrika deur Lesley Simpson Communications verteenwoordig word, sal jou help met enige navrae oor Thailand.

Vir nog inligting skakel 011 463 8195 of stuur e-pos na info@lscpr.co.za.

houbare dog winsgewende manier aangebied kan word.

Elephant Hills is 'n finalis in die 2016 National Geographic World Legacy Awards en hy was verlede jaar ook die

wenner in die 2015 Thailand Green Excellence Awards.

Die meeste van die olifante by Elephant Hills het voorheen in die bosbou- of olifantsafaribedryf gewerk voordat hulle




By Elephant Hills kan jy kanovaarte doen op die Cheow Lan-meer. | FOTO'S: ELEPHANT HILLS



Gedurende die olifantervaring help besoekers om die olifante te was en vir hulle kos voor te berei.



'n Langarmapie loer uit die oerwoud se ruigtes.



Wanneer jy by Elephant Hills bly, kan jy die miljoene jare oue reënwood in die Khao Sok Nasionale Park te voet verken.

bied, soos witwatervaarte op die Sokrivier en stap in die oerwoud, is die olifantervaring die kamp se groot trekpleister.

'n Tipiese ervaring met die olifante duur tussen twee en drie uur. Toe ons by hul kamp aankom, was twee olifantkoeie reeds besig om 'n bad in een van die moddergate te neem.

Die konsep van die olifantervaring is geskoei op welwillendheidswerk. Gaste help om die olifante te bad, skoon te maak en daarna hul kos vir die dag voor te berei. Só kry jy ook die geleentheid om die diere op 'n meer persoonlike vlak te leer ken.

Dit was ook toe dat ek my oomblikke met Ngam Ta gehad het. Hoewel ek versigtig is om diere nie te vermenslik nie, het die uur wat ek saam met haar deurgebring het, 'n diep indruk op my siel gemaak. Om in 'n olifant se teenwoordigheid te wees (een wat nie sirkustoertjies doen of mense op hul rûe vervoer nie), voel asof jy deel is van iets groter - en ek praat nie hier van die grootte van die dier nie.

Hul oë is merkwaardig. Ek het altyd ge-

dink olifante se oë is bruin, maar wanneer jy dit van naby af sien, sien jy eers die vlokkes goud daarin ronddryf.

Nadat die olifante skoongeskrop is en vir parasiete geïnspekteer is, is dit eettyd. Jy kry 'n kapmes waarmee jy allerhande olifantlekkernye soos suikerriet, pynappel en bamboes moet opkap. Jy help ook om "olifant-pilletjies" te maak - 'n aanvulling wat bestaan uit hawermeel, gemaalde tamarinde-peule en seesout, wat help met hul spysvertering.

Jy moet ook die pilletjie in 'n bol bamboes, gras en pynappel wegsteek, nes jy vir 'n hond of kat 'n pilletjie sou voer. Die olifante is nie mal oor die soutsuur smaak van die pil nie en as hy nie goed

genoeg weggesteek is nie, word hy sommer met minagting op die grond gegooi.

Die olifante is egter mal oor die suikerriet en pynappel en wanneer jy jou rug draai, sal 'n opportunistiese slurpie sommer gou 'n kans waag.

Aan die einde van die dag is ek taai, bedek met modder, vrugtesap en olifantspoeg. My arms is seer en styf van die kapmes rondswaai. Maar my siel voel asof dit sopas Rescue Remedy ingekry het ná slegs 'n paar uur in die diere se teenwoordigheid.

■ Cathay Pacific en die toerismeowerheid van Thailand het die koste van Carla Lewis-Balden se besoek aan Elephant Hills gedra.

deur Elephant Hills gekoop is.

As jy hou van ongerepte Afrikasafari's, sal jy mal wees oor dié kamp.

Die luukse safaritente hoof nie terug te staan vir ons eie grênd lodges hier in Afrika nie. Die badkamers is en suite en in die aande raak jy aan die slaap met die geluide van die oerwoud in jou ore. In die oggend word jy weer wakker gekwet deur eksotiese voëls.

Op pad na die sentrale gebied loop jy verby allerhande eksotiese plante. Mos hang van die boomtakke, terwyl helderpienk en knalrooi orgidees sommer soos onkruid om jou groei.

Al die nuwe voëls was vir my as 'n krante voëlkyker baie vreemd en eksoties. Die Thaise mense het 'n gesegde, *same-same, but different*, en dis ook hoe ek die voëls ervaar het. Daar was nefies en niggies van ons eie tiptolle en pittas, maar die spinnekopjagters het gelyk soos die liefdeskind van ons suikerbekkies en kakekelaars.

Hoewel die kamp ander aktiwiteite aan-